

## Die nageslag van Kain en Set (OP131)

Gen 4:16-26

28 Mei 2023

Laasweek het ons begin om te kyk na Gen 4. Ons het opgelet dat Gen 4 steeds deel is van die eerste toledot, wat strek vanaf Gen 2:4 – 4:26. Hierdie hoofstuk is dus steeds deel van die geskiedenis van toe die Here God die hemel en die aarde gemaak het. In Gen 4:1-16 het ons na die gebeure rakende Kain en Abel gekyk. Ons het gesien dat hulle albei deel was van die fisiese nageslag van die vrou, Eva. In Gen 3 het ons egter ook gesien dat die Here as deel van Sy oordeel oor die duiwel aangekondig het dat daar vyandskap sal wees tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel. Wat ons in die geskiedenis van Kain en Abel geleer het, is dat Abel 'n tipe was van die nageslag van die vrou, terwyl Kain 'n tipe was van die nageslag van die duiwel – alhoewel hulle altwee fisiese afstammeling was van Eva. Ons het geleer dat Kain se offer nie deur die Here God met guns beskou is nie, omdat sy hart hard was. Alhoewel hy 'n offer gebring het, was sy hart nie in die offer nie. Alhoewel hy verskeie male deur die Here gekonfronteer is en geleenthede gegun is om genade by die Here te soek, het hy dit nooit gedoen nie. Trouens hy het al dieper in sonde geval. Die uiteinde was dat die Here oor hom geoordeel het: hy is vervloek, het 'n doellose swerwer geword vir wie die grond nie meer sy opbrengs sou gee nie, en hy het uit die teenwoordigheid van die Here God gegaan. Daarom is hy 'n tipe van die nageslag van die duiwel. Abel, daarenteen, se offer is wel gunstig deur die Here ontvang. Sy hart was sag. Hy het uit genade klere van vel van die Here God ontvang. Al is hy deur sy broer doodgemaak, was hy steeds 'n tipe van die nageslag van die vrou, en sy bloed het tot die Here God geroep – wat dit aangehoor het.

Vandag wil ek by die res van Genesis 4 stilstaan – dus vanaf vers 17-26. Ons gaan eers stilstaan by die nageslag van Kain, in verse 17-24. Daarna gaan ons kyk na Set en sy nageslag in verse 25-26, waarna ek enkele opmerkings wil maak oor die eerste toledot in Gen 2-4, en daarna enkele toepassings.

### Die nageslag van Kain (Gen 4:17-24)

Lees Gen 4:17. Ons lees dat Kain met sy vrou gemeenskap gehad het. Onthou nou: Adam en Eva was die eerste mense wat deur die Here God gemaak is, en Kain was hulle eerste seun. Dit laat die vraag ontstaan waar het Kain 'n vrou gekry? Hierdie vraag word alreeds vir 'n lang tyd gevra, en ek lees dat Josephus in die eerste eeu nC al 'n moontlike antwoord hierop gegee het. In Gen 5:4 lees ons: “Die lewensdae van Adam was na Set se geboorte nog 800 jaar, en hy het seuns en dogters verwek”. Alhoewel ons net van 3 van Adam en Eva se seuns lees, naamlik Kain, Abel en Set, het hulle meer seuns en dogters gehad. Dit sou in beginsel moontlik wees dat Kain met een van hierdie dogters getrou het. Daar is ander spekulasies ook, maar ek wil nie nou daarop ingaan nie.

Ons lees dat die seun se naam Henog was. Ons moet nie hierdie Henog verwar met die Henog waarvan ons in Gen 5:18-23 lees nie – die Henog in Gen 5 was deel van die nageslag van Set, en van hom word gesê dat hy naby God geleef het, en dat God hom weggeneem het sonder dat hy gesterf het. Van die Henog uit die nageslag van Kain weet ons betreklik min. Ons weet dat Kain besig was om 'n stad te bou, vermoedelik omdat hy homself wou vestig en beskerm siende dat die Here hom verdryf het uit die gebied waar hy vroeër gewoon het toe hy Abel vermoor het, en hy uit die teenwoordigheid van die Here weggegaan het. Ons hoef nie aan die term “stad” te dink in terme van wat ons vandag daaronder verstaan nie – dit kon 'n relatief klein vesting gewees het met relatief min mense wat daarin woon. Maar die feit dat hy 'n stad gebou het, laat ons tog dink aan die stad Babel wat later in Gen 11 gebou sou word juis met die bedoeling om vir die mens self naam te maak – en

waardeur die mens gestreef het om onafhanklik van God te word. En boonop lees ons nou dat Kain die stad na sy seun Henog vernoem het – die vesting wat vir hom beskerming moet bied, word na sy seun genoem. Hy sou baie beter kon doen deur na die Here terug te keer en op Hom te vertrou – i.p.v. om sy vertrou op 'n stad te plaas met sy seun se naam.

Dit is nuttig om raak te sien dat alhoewel Kain 'n tipe is van die nageslag van die duiwel, het hy ook familieverbintnisse – hy het 'n vrou en 'n seun. Boonop werk hy om op 'n manier te heers oor die skepping wanneer hy besig is om vir hom 'n stad te bou. Daar is sekere van die skeppingsopdragte waaraan selfs die nageslag van die duiwel deelneem. Daar is 'n sin waarin selfs die nageslag van die duiwel die genade van die Here beleef – ons noem dit God se algemene genade. Alhoewel hulle deelneem aan die uitvoer van die Here se skeppingsopdragte, dra hulle egter hoogstens op 'n indirekte manier by tot God se oorkoepelende doel met Sy skepping.

In vers 18 lees ons dat Henog op sy beurt ook 'n nageslag gehad het. Ons lees dat Henog vir Irad verwek het, Irad vir Megujael, Megujael vir Metusael, en Metusael vir Lameg. Ons lees dus van sewe geslagte vanaf Adam tot Lameg: Adam, Kain, Henog, Irad, Megujael, Metusael en Lameg. In verse 19-24 lees ons meer van Lameg. Kom ons kyk daarna.

Lees Gen 4:19-24. In vers 19 lees ons dat Lameg vir hom twee vroue geneem het. Die een vrou se naam was Adda, en die naam van die ander vrou Silla. Natuurlik moet ons raaksien dat dit 'n probleem was: In Gen 2:24 het die Here God bepaal 'n man sal sy ouers verlaat en hom aan sy vrou bind – 'n man en sy vrou. Maar Lameg het teen hierdie beginsel in opgetree, en neem vir homself twee vrouens. Ons het laasweek opgelet hoe Kain se optrede op soveel maniere erger was as die optrede van Adam en Eva. Ons sien hier dat daardie tendens voortduur – hier pleeg Lameg nog 'n nuwe sonde – naamlik poligamie.

In verse 20-22 lees ons dat Ada en Silla aan verskeie kinders geboorte gegee het. Ada het twee seuns gehad: Jabal en Jubal, terwyl Silla 'n seun en 'n dogter gehad het – Tubal-Kain en Naäma. Weereens, sien ons die algemene genade van die Here aan die werk. Boonop lees ons dat Jabal die voorvader was van die wat in tente gewoon het om hulle vee op te pas, m.a.w. hy het 'n nomadiese manier van leef ontwikkel om sodoende 'n veeboer te kan wees. Jubal, op sy beurt, was die voorvader van almal wat op liere en fluite speel – hy het dus meer op die kulturele deel van die lewe gefokus. Tubal-Kain was 'n smid en die voorvader van almal wat met yster en brons bewerk. Tussen hierdie drie seuns het hulle op boerdery, kultuur en tegnologiese ontwikkelings gefokus – en sover ons kan aflei was hulle heeltemal suksesvol in al hierdie areas. Onthou, hierdie drie seuns was die nageslag van Lameg uit die nageslag van Kain – en tog was hulle heel suksesvol in boerdery, kultuur en tegnologie. Later sal ons lees hoedat Dawid byvoorbeeld op die lier gespeel het vir Saul, of van die vakmanne wat gebruik is om die tabernakel te bou. Die resultaat van die ontwikkelingswerk van die seuns van Lameg word later selfs in direkte diens aan die Here gebruik. Weereens sien ons God se algemene genade aan die werk. Dieselfde gebeur vandag nog – dit is nie net Christengelowiges wat suksesvol is met ontwikkelings op kulturele en tegnologiese vlak nie. En van hierdie ontwikkelings resultate kan ook sinvol aangewend word in diens van die Here.

Maar dit is nie al wat ons leer van Lameg nie. In verse 23-24 leer ons hoe Lameg vol van homself voor sy vrouens spog oor sy optrede. Ons lees dat hy spog: “vir 'n wond aan my maak ek 'n man dood, 'n jongman vir 'n kneusplek aan my!” Lameg het gespog dat as iemand hom net wond, dan maak hy die persoon dood, en as iemand hom kneus sal hy selfs 'n jongman doodmaak. Dit is eenvoudig skokkend – laasweek het ons gesien dat soos wat Kain se sonde erger geword het, het die Here se oordeel ook erger geword, want Sy oordeel pas by die oortreding. Maar Lameg gebruik glad nie die beginsel nie – wat hom aanbetref regverdig 'n wond of 'n kneusplek wat hom toegedien

word dat hy 'n lewe kan neem, selfs die lewe van 'n jongman. Waarskynlik het hy die resultaat van daardie tegnologiese ontwikkelings met yster en brons van sy seun Tubal-Kain gebruik om mense wat hom te na gekom het, dood te maak. In vers 24 voeg hy by: "Ja, sewe maal word Kain gewreek, maar Lameg sewe-en-sewentig maal". Natuurlik verwys hy hier na vers 15 toe Kain by die Here gepleit het vir beskerming omdat hy oortuig was dat enigeen hom sou kon doodmaak omdat die Here hom verstoot het, en die Here geoordeel het Hy sal Kain beskerm deur sy dood sewe maal te wreek. In teenstelling met Kain wat beskerming by die Here gesoek het, lok Lameg egter verdere geweld uit, deur nie net onreg met ongeregverdigde groter geweld te vergeld nie, maar hy onderneem om dit ook herhaalde male te doen – tot sewe-en-sewentig maal. Weereens sien ons hoe dat die sonde bly groei: Ja, van Adam na Kain het die sonde toegeneem, en nou van Kain tot Lameg het dit nog dramaties meer toegeneem. Beide Kidner en Collins vergelyk in hulle kommentare Lameg se uitspraak met Jesus se uitspraak in Mat 18:21-22: "Toe het Petrus nader gekom en Hom gevra: 'Here, hoeveel keer sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe keer toe?' Jesus antwoord hom: 'Ek sê vir jou, nie tot sewe keer nie, maar tot sewentig maal sewe keer'" Van hierdie beginsel het Lameg niks verstaan nie. Na hierdie uitspraak van Jesus, het Hy die gelykenis vertel van die koning wat rekenskap van sy slawe wou eis. Een van die slawe het 'n groot bedrag geskuld wat hy eenvoudig nie kon betaal nie. Hy het egter by die koning gepleit, en die koning het sy skuld kwytgeskeld. Hierdie slaaf wou egter nie die veel kleiner skuld van sy medeslaaf kwytsteld toe die hom ook om genade gesmeek het nie. Die koning het hom gevolglik aan die folteraars oorgegee totdat hy al sy skuld sou betaal. Jesus het die gelykenis afgesluit met: "So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie" (Mat 18:35).

Tragies genoeg stem dit ook ooreen met die geskiedenis van Lameg, en selfs van Kain se nageslag. Hierdie gespog van Lameg is die laaste ding wat ons lees van Lameg en van Kain en sy nageslag. Dit is die einde van hulle geskiedenis. Hulle verdwyn eenvoudig van die openbaringsgeskiedenis toneel.

Alhoewel ek nie nou te veel oor Gen 5 wil sê nie, wil ek tog die volgende uitlig: In Gen 5 het ons die nageslag van Adam oor Set, terwyl ons hier in hierdie gedeelte van Gen 4 die nageslag van Adam oor Kain het. As jy die detail van die twee geslagsregisters met mekaar vergelyk, is daar 'n paar interessante aspekte wat na vore kom.

- Ons het in Gen 4 gesien dat daar sewe geslagte was van Adam tot Lameg: Adam, Kain, Henog, Irad, Megujael, Metusael en Lameg. Bo en behalwe Adam en Kain, was dit net van Henog en Lameg dat ons so 'n bietjie meer geleer het.
- Vergelyk dit met die geslagsregister van Adam oor Set in Gen 5. Daar vind ons 10 geslagte van Adam tot Noag: Adam, Set, Enos, Kenan, Mahalalel, Jered, Henog, Metusalag, Lameg en Noag. Ek hoop dit val jou op – daar is twee name wat in beide Set en Kain se nageslagte voorkom – Henog en Lameg.
- Let verder daarop dat dit net van Henog en Lameg was van wie ons so 'n bietjie meer geleer het in die geslagsregister oor Kain: Kain se stad is na Henog vernoem en dit is waarskynlik 'n heenwyse na Babel in wie die goddelose later hulle vertrou sou stel, en Lameg was werklik goddeloos en het in eie belang ten koste van ander opgetree.
- In die geslagsregister van Adam oor Set is Henog en Lameg ook die twee persone van wie ons so 'n bietjie meer leer: Daardie Henog het naby die Here geleef – en toe is hy deur die Here weggeneem. Waarheen? Tog sekerlik hemel toe. Dit is so anders as die stad Henog wat vir Kain se nageslag beskerming moes bied. Henog uit die nageslag van Set is direk na die hemel toe, kan ons maar sê na die hemelse Jerusalem toe. Netso, was Lameg uit die nageslag oor Set die een wat van Noag gesê het hy sou troos bring na al die geswoeg wat

gevolg het op die vloek van die Here. Hierdie Lameg smag na troos. Dit so anders as Lameg uit die nageslag oor Kain wat sewe-en-sewentig maal wraak wil neem.

Beide nageslagte is die fisiese nageslagte van Adam – die een oor Kain en die ander oor Set. Maar daar is 'n reuse verskil tussen hierdie nageslagte – soos wat die Here God gesê het: daar sal vyandskap wees tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel.

#### Die nageslag oor Set (Gen 4:25-26)

Die eerste toledot sluit af met Gen 4:25-26. Lees dit. In hierdie vers lees ons dat Adam weer gemeenskap gehad het met sy vrou. Ek glo dit is klinkklaar duidelik dat ons nou weer terugbeweeg in tyd. Lameg wat in die vorige vers beskryf is, was 5 geslagte na Kain. Maar in vers 25 keer ons terug na waarskynlik ongeveer dieselfde tyd as toe Kain vir Abel vermoor het.

Uit hierdie swangerskap word weer 'n seun gebore, en Eva gee aan hom die naam Set. Die rede hiervoor is dat sy sê God het vir haar 'n ander nasaat voorsien in die plek van Abel, omdat Kain hom doodgemaak het. Volgens Kidner, beteken die naam "Set" aanstel, of om te voorsien. Vergelyk wat Eva hier sê met wat sy gesê het toe Kain gebore is. Toe het sy gesê: "Ek het van die Here 'n man verkry" (Gen 4:1). Nou sê sy: "Vir my het God 'n ander nasaat voorsien in die plek van Abel". In beide gevalle het sy die hand van die Here gesien in die seuns wat vir haar gebore is, maar met Kain het sy net na hom verwys as 'n man, met Set se geboorte verwys sy spesifiek na 'n ander nasaat in die plek van Abel wat vermoor is. Die feit dat Abel doodgemaak is, is die gevolg van sonde wat aan die toeneem is, en Eva sien die nood hiervan raak. Sy gryp vas aan die feit dat die Here God 'n nageslag belooft het – maar ook spesifiek Een uit haar nageslag wat die kop van die slang sal vermorsel. Noudat sy gesien het hoe haar een seun die ander doodslaai, gryp sy vas daaraan dat daardie Een moet kom – daarom is sy dankbaar oor nog 'n nasaat in Abel se plek. Ons as lesers verstaan nog meer as Eva hoe nodig dit is dat sy nog 'n nasaat moet hê – want ons het sopas in verse 17-24 gesien dat Kain se nageslag hoogstens op kulturele en tegnologiese vlak 'n bydrae lewer, maar daar is geen aanduiding dat hulle die eer en die wil van die Here soek nie. Kain se nageslag bou op na Lameg wat sewe-en-sewentig maal wraak wil neem. En dan loop sy geslagsregister dood. Duidelik gaan daardie Een wat die kop van die slang gaan vermorsel nie uit Kain se nageslag kom nie – nee, Kain se nageslag is die nageslag van die duiwel en leef in vyandskap met die vrou en haar nageslag. Kain se nageslag is doellose swerwers wat deur die Here vervloek is. Daarom is Eva so dankbaar oor God nog 'n nasaat voorsien het in die plek van Abel. Kidner sê Eva se geloof is nou baie duideliker as in vers 1 met Kain se geboorte.

En om hierdie hoop op daardie Een uit haar nageslag verder te versterk, lees ons in vers 26: "En vir Set, ook vir hom is 'n seun gebore." Dit het gelyk of daar 'n krisis ontwikkel het toe een van Eva se seuns die ander een doodslaai, en die een wat oorgebly het se nageslag duidelik nie die Verlosser gaan oplewer nie. Maar nou is daar weer hoop: Nie net is Set gebore nie, boonop het hy ook nog 'n seun. Hierdie seun se naam is Enos. Beide Kidner en Waltke wys daarop dat die naam Enos verwys na swakheid of broosheid. Onthou wat ons laasweek gesien het rakende Abel se naam – dit het beteken asem/damp en het gedui op kortstondigheid of sonder inhoud. Set beteken die Here het voorsien. Enos beteken swakheid of broosheid. Sien jy die prentjie wat vir ons geskets word:

- Abel beteken kortstondig of sonder inhoud. Abel het verstaan sy lewe is kortstondig, die Here het gesê hulle gaan sterf. Hy verstaan hy het niks om aan die Here te bied nie, hy is sonder inhoud. Daarom bring hy 'n offer van die eersgeborenes van sy vee. En die Here het dit met guns beskou. Abel werp sy vertroue op die Here.

- Set beteken die Here het voorsien. Toe dit duidelik geword het dat Kain se nageslag nie die Verlosser gaan oplewer nie, en Abel reeds dood was, toe voorsien die Here 'n ander nasaat uit die nageslag van die vrou. En boonop gee die Here aan hom ook 'n seun, Enos.
- Enos beteken swakheid of broosheid. Soos met Abel, is hier ook by Enos erkenning van die swakheid en die broosheid van die mens, erkenning van afhanklikheid van die genade van die Here.

En dan lees ons in vers 26: "In daardie tyd het hulle begin om die Naam van die Here aan te roep". Abel het in sy afhanklikheid 'n offer aan die Here gebring, wat die Here met guns beskou het. Enos en die mense saam met hom het in hulle afhanklikheid begin om die Naam van die Here aan te roep. En uit die verdere geskiedenis weet ons dat die Here dit ook met guns beskou het. Ek hoop jy sien die verskil raak in die optrede van die nageslag van Set versus die nageslag van Kain: Die nageslag van Set het die naam van die Here aangeroop; die nageslag van Kain het uitgeroep: "... vir 'n wond aan my, maak ek 'n man dood, 'n jong man vir 'n kneusplek aan my! Ja, sewe maal word Kain gewreek, maar Lameg sewe-en-sewentig maal." – twee verskillende wêrelde! Dit is voorwaar so dat daar vyandskap is tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel.

In Gen 5 begin die tweede toledot. Gen 5:1 sê die toledot fokus op die familiegeskiedenis van Adam. As jy deur die geslagsregister in Gen 5 lees, sien jy dit fokus net op Adam se nageslag deur Set. Daar word nie 'n enkele keer na Kain verwys nie. Onthou, Kain was Adam se eersgebore seun. Maar in die verder openbaringsgeskiedenis het Kain en sy nageslag van die toneel verdwyn. Kain se nageslag het hulle einde bereik en het doodgeloop.

#### Opmerkings oor die eerste toledot: die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is (Gen 2:4-4:26)

Ons het gesien die eerste toledot in Genesis is vanaf Gen 2:4 tot Gen 4:26. In Gen 2:4 word hierdie gedeelte die titel gegee: Die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Kom ons probeer om terug te staan en raak te sien wat dit is wat die Here aan ons wil leer rakende die geskiedenisgebeure wat geassosieer word met die skep van die hemel en die aarde.

In Gen 2 het ons geleer dat die Here vir Adam gemaak het. Hy het ook die tuin aangelê juis vir die mens om in te woon. Die Here het ook geoordeel dat dit nie goed is dat Adam alleen is nie, en het vir Eva geskep uit Adam se ribbebeen as 'n helper vir Adam. Boonop het God 'n verbond met hulle gesluit. Volgens hierdie verbond was daar spesifieke opdragte wat hulle moes uitvoer – waarna ons in detail gekyk het.

In Gen 3 het ons egter geleer dat die mens nie gehoorsaam was aan die opdragte van die Here nie. Eers Eva, en toe Adam, het geëet van die boom waarvan hulle nie mog eet nie, omdat Eva eerder na die duiwel geluister het as na God. Die gevolg was dat hulle hulle naaktheid besef het en skaam was daaroor. Die Here het oor hulle en die duiwel geoordeel. Die Here het geoordeel dat die mensdom voortaan verdeeld sal wees tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel – en daar sal vyandskap wees tussen die twee nageslagte. Maar die Here het ook geoordeel dat daar Een uit die nageslag van die vrou sou kom wat die duiwel finaal sal oorwin. Intussen is die mens uit die tuin gestuur, maar hulle moes steeds heers en vermeerder om die aarde te vul.

In Gen 4 het ons geleer die mens het begin om te vermeerder. Eers word Kain en Abel gebore. Maar die twee broers verskil – al bring beide offers aan die Here, is daar 'n wesenlike verskil in hulle harte. Kain is net besig met pligpleging as hy sy offer bring, terwyl Abel werklik smag na gemeenskap met die Here. Die Here verwerp dus Kain se offer – wat Kain kwaad maak. Alhoewel die Here hom herhaaldelik konfronteer, slaan hy sy broer dood, en word gevolglik deur die Here geoordeel. Kain

vermeerder egter steeds, en hy en sy nageslag werk egter steeds om oor die skepping te heers. Maar ongelukkig word hulle ook met verloop van tyd al hoe meer eiesinnig en sondig in hulle arrogansie. Daarom loop die lyn van Kain se nageslag dood. Kain se nageslag is 'n tipe van die nageslag van die duiwel. In Abel se plek skenk die Here 'n ander nasaat, Set, en selfs aan hom gee die Here weer 'n seun, Enos. Hulle besef hulle eie swakheid en roep die Naam van die Here aan. In die tweede toledot, skuif die fokus na die Here se verdere handeling met hulle.

In Gen 2 het ons die Here se ideaal vir die mensdom. In Gen 3 het ons die tragiese realiteit dat die mens nie by hierdie ideaal kan uitkom nie, maar ook die heerlike realiteit dat die Here dit wel sal bewerk deur die Een uit die nageslag van die vrou. Maar terselfdertyd leer ons ook dat die sonde 'n reuse effek op die samelewing gaan hê, terwyl die Here werk na Sy ideaal. Dit gaan die mensdom verdeel. Gen 4 verduidelik vir ons hoe dit lyk in die praktyk. Maar dit wys ook vir ons dat die nageslag van die duiwel doodloop, maar vir die nageslag van die vrou is daar hoop. In 'n sekere sin het ons in hierdie toledot 'n beknopte opsomming van die hele openbaringsgeskiedenis wat in die res van die Bybel in meer detail uitgewerk word.

### Implikasies

Kan ek twee implikasies uitlig:

- Die nageslag van Kain het besondere bydraes gelewer tot die ontwikkeling van die landbou, kultuur en tegnologie. Van hierdie ontwikkelings word later in die Bybelgeskiedenis selfs gebruik in diens van die Here. Dit is steeds die geval. Ongelowiges lewer steeds ook 'n bydrae om oor die aarde te heers. Gelowiges hoef hulle nie noodwendig te distansieer van hierdie ontwikkelings nie. Kulturele of tegnologiese ontwikkelings is nie noodwendig op sigself sleg nie, en dit is ook nie noodwendig sleg as dit deur 'n ongelowige ontwikkel is nie. Wat 'n gelowige egter wel oor moet besin, is die volgende:
  - Hoe het daardie ontwikkeling plaasgevind? Het die ontwikkeling gepaard gegaan met oortreding van seker voorskrifte van die Here, byvoorbeeld was daar onetiese praktyke by betrokke, of uitbuiting van individue? Indien wel, moet die gelowige ernstig besin of hy die ontwikkeling behoort te gebruik.
  - Vir watter doel wil die gelowige die ontwikkeling gebruik? Nie alle toepassings van alle moontlike tegnologieë is geregverdig nie. Daar is deesdae in die mediese wêreld tegnologieë beskikbaar waarvoor gelowiges ernstig moet besin of dit hoegenaamd toegepas moet word. Kunsmatige intelligensie neem ook dramaties toe. Ons sal moet besin of alles wat gedoen kan word, toegelaat moet word om gedoen te word.
  - Gelowiges moet egter ook verstaan dat hulle nie net moet heers oor die skepping nie. Hulle moet ook die tuin bewerk en bewaak, hulle moet deelneem aan die groei van God se koninkryk. Tegnologiese en kulturele ontwikkelings kan maklik 'n doel op sy eie word. Vir gelowiges moet al hierdie ontwikkelings egter 'n middel tot 'n groter doel wees, en dit is om soos Abel, Set en Enos offers te bring en die Naam van die Here aan te roep in 'n besef van hulle afhanklikheid van Hom om aan hulle ook klere van vel te gee.
- Beide Kain en Set se nageslagte het gegroei. Ja, dit is so, dat ons gesien het Kain se nageslag het doodgeloop. Maar die doel met die feit dat die openbaringsgeskiedenis nie verder fokus op die nageslag van Kain nie, is om aan ons te wys dat dit die eventuele einde van die nageslag van die duiwel sal wees. Maar soos wat ons verder vorder in die openbaringsgeskiedenis, sal ons herhaalde male sien dat die nageslag van die duiwel weer na vore kom. Dink maar aan die tweede toledot in Gen 5-9 waar ons leer van die sondvloed

wat die Here gestuur het omdat die aarde deur en deur sleg was, en Hy daardeur die nageslag van die duiwel wou straf. Nee, ons sal moet wag vir die eerste koms van die Een uit die nageslag van die vrou om die duiwel te bind, en selfs daarna sal ons moet wag vir Sy tweede koms om die duiwel en sy nageslag finaal in die poel van vuur te gooi. Maar ons moet bemoedig word uit die geskiedenis van Kain – daardie finale oorwinning kom verseker.